2024

# Die Onwettige Hoëpriester

## DIE ORDE VAN AÄRON TEENOOR DIE ORDE VAN MELGISÉDEK

WANT, DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE…

RAASBLAAR | www.daarstaanookgeskrywe.co.za

# Die Onwettige Hoëpriester...

Yahshua is ons Hoëpriester, maar my vraag is: is Hy wettig of is Hy onwettig? Dit voel so verkeerd om dit net te dink of dit te vra, maar ons sal verbaas wees om te sien dat baie van die geloof van mense (t.o.v. hoe hulle dit verstaan en dit verkondig) van Yahshua 'n onwettige Hoëpriester maak. Nou hoekom sê ek dit? Volgens die wet mag Hy nie Hoëpriester wees nie, maar tog erken ons Hom as Hoëpriester en ons erken die wet ook. M.a.w, ons hink op twee gedagtes. Die is tweevoudig kritiek belangrik, want as Hy onwettig is, is Hy self 'n oortreder van die wet en dan moet Hy ook verlos word van sonde en dan kan Hy ons nie verlos van ons sonde nie. Ons is te bang om dit te bedink, want dan moet ons 'n besluit neem, maar tog lê dit in ons gedagtes rond; dan het ons nie 'n vaste geloof en vertroue in die Woord van God nie. Dit veroorsaak wantroue, want wat gebeur is, ons maak nie die saak uit nie – ons weet nie is dit links, of is dit regs nie en dan vermy ons die onderwerp, maar dit veroorsaak dat jy nie 'n vaste vertroue en 'n vaste geloof het nie, en dan het ons so 'n verhouding met God. Dit doen ons met baie onderwerpe soos byvoorbeeld die uitverkiesing: *ek verstaan nie die uitverkiesing nie, dit maak nie vir my sin nie – ek hou dit maar daar iewers agter in my kop*, maar dit veroorsaak dat jy nie klarigheid en 'n vaste vertroue het nie.

So, wat gebeur met ons geloof in God? Dit is nie baie vas nie, *ek sien Hy is nie baie betroubaar nie; Hy sê nou dit en dan sê Hy later dat...* maar ek is te bang om dit te sê, want dit voel ek laster – en eintlik laster ons, want ons maak nie die saak uit nie. Nou vra ek weer: is Yahshua dan nou 'n onwettige Hoëpriester?

Die hoofsaak is: priesters was net uit die stam van Levi en uit dieselfde geslag. Dit beteken as jou pa priester was, dan is jy 'n priester en jou seuns word priesters, maar die oorspronklike pa was Aäron en hy was uit die stam van Levi. Nou die kruks van die saak is: Yahshua was nie uit die stam van Levi nie, Hy was uit die stam van Juda. Dit is hoekom my vraag is: is Hy dan nou 'n onwettige Hoëpriester?

Esra 6:18  En hulle het die priesters aangestel volgens hulle afdelings en die Leviete volgens hulle afdelings vir die diens van God in Jerusalem, volgens die voorskrif van die boek van Moses.

So, Moses het voorgeskryf dat die priesters slegs uit die Leviete aangestel mag word. Esra is die boek wat geskryf is nadat hulle teruggekom het uit ballingskap en daar is weer priesters aangestel uit Levi, volgens die voorskrif van die boek van Moses.

Levitikus 6:22  Ook moet die priester wat uit sy seuns in sy plek gesalf word, dit berei, as 'n ewige insetting. Dit moet geheel en al vir die HERE aan die brand gesteek word.

So, dit sê die priester moet dit gaan doen, maar dit sê uit sy seuns – die priester moet uit sy seuns in sy plek gesalf word. M.a.w, as jy 'n priester is en jy het seuns, dan word hulle priesters en hulle seuns word priesters en so hou dit aan van geslag tot geslag. Nou weereens, waar pas Yahshua in?

Levitikus 16:32  En die priester wat gesalf en aangestel sal word om in die plek van sy vader die priesteramp te bedien, moet die versoening doen; en hy moet die linneklere, die heilige klere, aantrek

Weereens is dit in die plek van sy vader uit die stam van Levi in die plek van sy vader. En Yahshua? Dit was 'n sonde om iemand aan te stel as priester wat nie uit die stam van Levi was nie. Wat is sonde? Dit is wat God nie sê om te doen nie, dit is 'n oortreding. Wat gebeur met sonde? Die loon van die sonde is die dood. As Yahshua aangestel word as priester en Hy is nie uit Levi nie, is dit sonde – Hy doen sonde. Wat gebeur as Hy sonde doen? Is die 'n groot onderwerp wat ons hier aanraak? Dit is massief en ons bedink dit nie, ons ignoreer dit, ons is apaties teenoor dit, want ons het nie 'n antwoord nie; *hoe kan Yahshua skuldig wees, hoe kan Hy vir my sondes sterf as Hy skuldig is?* Maar tog is Hy nie uit Levi nie, en die wet sê Hy moet uit Levi wees.

1 Konings 12:30  En hierdie saak het tot sonde geword; ja, die volk het voor die een *(dit is die gode van 1Konings 12:28 en 29)* gaan aanbid tot by Dan.
1 Konings 12:31  Hy het ook tempels van die hoogtes gebou en priesters aangestel uit al die dele van die volk wat nie uit die seuns van Levi was nie.

Nou wat hier gebeur het, is die volk het in twee gedeel en hier is ons in die noordelike tien stamme – en die koning stel priesters aan in die noordelike tien stamme. Dit was ‘n oortreding. So, die koning het gesê die volk gaan Jerusalem toe om te aanbid en hulle gaan nie terugkom nie, dan gaan hy nie meer 'n volk hê nie. Hy maak toe vir hulle aanbiddingsplek hier en stel priesters aan, maar dit was nie uit die Leviete gewees nie – en hierdie saak het sonde geword.

Vader veroordeel as 'n mens nie Sy Woord gehoorsaam nie. Hier is nou net ‘n voorbeeld van priesters wat dit verkeerd gedoen het:

Levitikus 10:1 En die seuns van Aäron, Nadab en Abíhu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die aangesig van die HERE gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie.
Levitikus 10:2 Daarop het daar vuur van die aangesig van die HERE uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die HERE.

Hoofstuk 9 van Levitikus is die inwyding van die priesters. Aäron se vier seuns was ingewy as priesters en daar was vir hulle presies gesê hoe om hierdie reukwerk in die vuurpanne te bedien. En wat doen hulle? Hulle doen dit anders, hulle weet beter… Vader sê priesters moet uit die stam van Levi kom, maar die koning van Israel besluit hy weet beter en hy doen dit sommer uit enige stam en dit het tot sonde geword. Ons praktiese probleem is: hier het ons vir Yahshua wat die Hoëpriester ís, en Hy is uit die stam van Juda. Wat gebeur hier? Wat het gebeur met hierdie twee seuns wat die vreemde vuur voor die aangesig van Yahweh gebring het? Hulle het gesterwe, dit is hoe ernstig dit is. Nou ons wil graag glo ons God is konsekwent. As Hy hier só kwaad word vir vreemde vuur wat deur hierdie twee priesters bedien is en só gesteld daarop is dat priesters aangestel moet word uit die stam van Levi, hoekom laat Hy dit dan toe dat Yahshua, wat uit die stam van Juda is, Hoëpriester kan wees?

Hebreërs 3:1 Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus,

Ons kan nou sê: *ja, maar hier te kort en daar te lank* – maar volgens die Skrif ís Yahshua Hoëpriester.

Hebreërs 4:14 Terwyl ons dan ‘n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.

Yahshua gaan nie Hoëpriester word nie, Hy ís Hoëpriester. Die probleem wat bly opduik is: Hy is nie ‘n Leviet nie. Hy is nie uit die stam van Levi nie. Wat gaan hier aan, hoekom word dit toegelaat? Met respek gesê, is ons deur God mislei? Het Hy self Sy eie wet oortree? Is Yahshua dan nie ‘n onwettige Hoëpriester omdat Hy nie uit die stam van Levi is nie? Ek wonder hoeveel mense kan dit antwoord… Ek hoop almal wat hier lees en dit nog nie geantwoord het nie stel belang om te weet wat die antwoord is, want jy kan dit nie net verswyg nie. Ons word gered deur ons geloof en wat glo jy, ten opsigte van die Hoëpriesterskap van Yahshua, wat onwettig is.

Hebreërs 7:14 Want dit is volkome duidelik dat onse Here uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie.

Hier lees ons in Hebreërs (jy kan maar sê wat God self erken, want dit is Sy eie woorde) dat Yahshua uit Juda voortgespruit het en dat Moses niks van die stam van Juda gesê het betreffende priesterskap nie. Priesters mag net uit Levi uit gekom het. Nou voel ons darem bietjie veiliger, want hier sê Vader dit self, maar my vraag bly: is Hy dan 'n onwettige Hoëpriester? Ons het nog nie die antwoord gekry nie. As hierdie nou ‘n hofsaak was dan was Hy tot op hierdie stadium nog onwettig, want die wet het gesê *nee*, en Hy oortree die wet. Nou wat is die antwoord?

Daar is twee moontlike afleidings wat ons nou het:

Eerstens, Yahshua breek die wet van Moses deur 'n Priester te wees uit die stam van Juda, want dit is presies wat koning Rehábeam gedoen het deur priesters aan te stel wat nie uit Levi was nie, het God dit self ook gedoen deur Yahshua aan te stel as Hoëpriester, maar Hy is nie uit die stam van Levi nie? Dit is ons eerste afleiding.

Die tweede afleiding: Yahshua is nie Hoëpriester onder die wet van Moses nie en daarom veroordeel die wet van Moses Hom nie. Is dit moontlik?

So, die eerste afleiding is: Ja, Hy breek die wet deur Hoëpriester te wees, want Hy is nie uit die stam van Levi nie. Die tweede afleiding is: Nee, Hy breek nie die wet nie, want Hy is nie onder die wet van Moses nie.

Die feit van die saak is dat Hy Hoëpriester ìs, ons wil net weet waar is die geregtigheid; op grond van wat gee Hom reg om Hoëpriester te wees. Wat veroordeel Hom? Die wet van Moses. Nou is my tweede afleiding: miskien is Hy nie onder die wet van Moses nie, maar is dit moontlik? Yahshua is nie Priester onder die wet van Moses nie, Hy is Priester volgens die orde van Melgisédek en nie volgens die orde van Aäron nie, maar wat beteken dit?

Hebreërs 7:17  Want Hy getuig: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.

Dit is 'n aanhaling uit Psalms waar Vader Yahweh vir Yahshua sê:

Psalms 110:4  Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.

Nou wat is die orde van Aäron en wat is die orde van Melgisédek? Ons begin op hierdie stadium so bietjie lig sien, want wie veroordeel Yahshua as Hoëpriester? Die wet van Moses. Die wet van Moses is vir die orde van Aäron, maar nou sê God Yahshua is nie Hoëpriester volgens die orde van Aäron nie, maar volgens die orde van Melgisédek. Maak dit 'n verskil? Wat gaan hier aan? Dit is nou baie tegnies. Onthou, 'n wet oordeel volgens wat in die wet staan. 'n Regter besluit nie self wat dit is nie. Hy besluit nie of iemand reg of verkeerd is nie – hy kyk wat sê die wet. Nou is daar 'n aanklaer en daar is iemand wat hom verdedig, en op grond van die wet bepaal die regter: is hierdie persoon skuldig aan die oortreding volgens die wet, of nie.

Yahshua se aanstelling as Hoëpriester is onder verdenking en die regter gaan Hom oordeel, maar volgens watter wet? Is daar dan twee wette? Dit is heel moontlik op hierdie stadium vir baie mense baie verwarrend: *hoe kan daar twee wette wees?* Wel, ek sien daar is twee ordes: die orde van Aäron en die orde van Melgisédek, maar wat is 'n orde? Wie is Aäron en wie is Melgisédek?

Die doel van die wet van Moses was om die orde van Aäron te handhaaf. Ons dink dit nie, ons lees net die wet en ons probeer die wet te hou, maar waaroor gaan dit? Die doel van die wet van Moses is onder andere die tien gebooie, mens lees dit in Exodus en weer in Deuteronómium. Wat doen daai wette? Dit handhaaf orde.

Ons het ook wette. As jy in die skool is, is daar wette – dit is skoolwette: jy moet so laat by die skool wees, jy moet so optree teenoor 'n onderwyser, jy moet so optree teenoor 'n kind, as jy in die skoolsaal is dan moet jy dit doen en as jy die klaskamer is dan moet jy dat doen – dit is alles wette wat wat doen? Om die orde van die skool te handhaaf. Dit is die orde van die skool. Nou gaan jy hospitaal toe, geld dieselfde wette daar? Nee. Hoekom? Daar is 'n ander orde. Wat is die doel van die orde? Om orde te handhaaf in dit waarmee jy besig is. As jy die skool-orde toepas in die hospitaal, gaan daar chaos wees. Die dokter gaan eers agtuur by die hospitaal wees, maar sesuur moes hy al geopereer het. Die dokter het 'n ander wet, wat 'n ander orde handhaaf.

Nou het ons 'n orde van Aäron en 'n orde van Melgisédek – meeste mense weet dit nie eens nie. Ek herhaal: die doel van die wet van Moses was om die orde van Aäron te handhaaf, dit beteken dat die kinders van Israel die wet van Moses gekry het en dan ordelik daarvolgens geleef het om te bereik wat die verbond belowe het; dit is die doel van die orde. En wat was die belofte? Julle gaan in die beloofde land ingaan en julle gaan dit in besit neem en julle gaan dit erf as 'n ewige besitting, maar daar moet orde in hierdie land wees; en daar gee Yahweh die wet: *as jy intrek mag jy vir die eerste jaar nie die grond bewerk nie, maar jy moet eet van wat daar opkom. In die tweede jaar moet jy dit doen en in die derde jaar moet jy dat doen* – en daar is die wet wat die orde handhaaf. *En as iemand jou beeste steel dan moet jy dit en dit doen, en as jy die beeste gesteel het en jy is die skuldige, dan moet jy sewe keer terugbetaal* – en dit is 'n wet wat orde handhaaf, en dit is die orde van Aäron.

Nou kom Yahshua onder die orde van Melgisédek. Dit is 'n ander orde en dit is geweldig verwarrend, maar geweldig belangrik, want, as Yahshua 'n onwettige Hoëpriester is, is ons almal in die moeilikheid; dan is ons hoop op iemand wat ook skuldig is, maar hier begin ons nou iets sien...

Deuteronómium 21:5  Dan moet die priesters, die seuns van Levi, aankom; want die HERE jou God het hulle uitverkies om Hom te dien en om in die Naam van die HERE te seën, en volgens hulle uitspraak moet elke saak van twis en verwonding afgehandel word.

Dit beteken dat wat die priester sê, aanvaar moet word. Wat doen hy? Hy handhaaf orde. Twee boere het 'n dispuut: *jou beeste het in my mielieland geloop en my mielies op geëet.* Wat moet nou gebeur? Hulle bel nie die polisie nie, hulle gaan na die priester toe.

Ons dink die priester preek. Die priester preek nie, hy kom en hy sê: *jy is skuldig en jy is onskuldig; jy moet dit betaal en jy moet dat betaal.* Dit is wat die priester doen, maar volgens die orde van Aäron. Nou, volgens die orde van Aäron mag hierdie priesters net aangestel word uit die stam van Levi. Nou kom Yahshua en Hy is Hoëpriester, maar volgens die orde van Melgisédek. Wat is "die orde"? Dit is die orde-reëlings, dit is wat ons wil bereik en daar is 'n wet wat dit bepaal.

Nou verskyn Yahshua op die toneel as Priester, maar Hy is in die geslag van Juda en nie uit Levi nie. As Hy dan staan as Priester onder die orde van Aäron, sal Hy dus 'n onwettige Priester wees. Ons weet egter dat Hy nie 'n onwettige priester is nie, omdat Hy nie priester is volgens die orde van Aäron nie, maar volgens die orde van Melgisédek. Nou sê Hy: *Ek is Hoëpriester.* En ons sê: *Nee, U kan nie wees nie, want die wet laat dit nie toe nie, want U is nie van die stam van Levi nie;* dan sê Hy: *ek besef dit, maar Ek is van 'n ander orde; ek is nie van die skool nie, ek is van die hospitaal – Ek is van 'n ander orde.* 'n Ander orde het 'n ander wet en die wet van Aäron sê: *Ek mag nie,* maar die wet van Melgisédek sê: *Ek mag.*
So, Melgisédek is nie Aäron nie, en Aäron is nie Melgisédek nie. Aäron was die broer van Moses uit die stam van Levi en Melgisédek het geleef voor die tyd van die kinders van Israel, reeds in die tyd van Abraham. Goed, kry die prentjie: dit is twee persone, die een is Aäron en hy was 'n Leviet, dit beteken hy was uit die stam van Levi. Die ander persoon is Melgisédek. Hy het geleef vóór Moses en Hy het geleef vóór Jakob. Hy het geleef in die tyd van Abraham. Nou wie was Melgisédek?

Génesis 14:18 En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring
Génesis 14:19 en hom *(Abram)* geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde.
Génesis 14:20 En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy *(Abram)* hom die tiende van alles.

Goed, Melgisédek was 'n koning én Hy was 'n priester van die Allerhoogste en hierdie is nadat Abraham gegaan het en sy broerskind gaan red het en hom saam met die mense van Sodom teruggebring het. En Melgisédek gaan hom tegemoet en seën Abram. Melgisédek is 'n koning en Hy is 'n priester van God, maar die orde van Aäron bestaan nie – so, daar was priesters wat nie onder die orde van Aäron was nie en daar was priesters wat onder die orde van Aäron was. Yahshua is nie in die orde van Aäron nie – dit is iets baie belangrik wat ons moet snap en moet onthou.

Hierdie gedeelte word herhaal in Hebreërs 7.

Hebreërs 7:1 Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het;
Hebreërs 7:2 aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het—hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede;
Hebreërs 7:3 sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur.

Goed, Melgisédek was 'n bietjie anders. Hy het nie 'n pa en 'n ma gehad nie. Hy het nie 'n begin nie en Hy het nie 'n einde nie. Wie het nie 'n begin nie? Net God het nie 'n begin nie. Wie is Melgisédek? Hy is God en Hy is Koning en Hy is Priester en Hy is op die aarde! Ons het gedink dat die eerste keer wat God op die aarde in die vlees gekom het, was met Yahshua se geboorte. En hier is Melgisédek, koning van Salem, priester van God, maar die is God self. Hy is sonder 'n begin van dae of lewenseinde – niemand anders is sonder 'n begin nie, behalwe God – *maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester (nou nog) altyddeur.*

Hebreërs 7:4 Let nou op hoe groot hierdie man was, aan wie selfs Abraham, die aartsvader, 'n tiende van die buit gegee het.

So, Abraham gaan en hy gee vir Melgisédek 'n tiende. En wie is Abraham? Hy is die aartsvader, hy is die vader van die gelowiges en hy gee 'n tiende aan Melgisédek. Hoekom? Wie is hierdie Melgisédek?

Hebreërs 7:5 Nou het hulle wat uit die seuns van Levi die priesterskap ontvang *(uit die stam van Levi)*, wel 'n gebod om, volgens die wet *(orde van Aäron)*, van die volk tiendes te neem, dit is van hulle broers, ofskoon hulle uit die lendene van Abraham voortgekom het;

Hebreërs 7:6 maar hy *(Melgisédek)* wat nie uit húlle sy geslagsregister *(uit die stam van Levi)* aflei nie, het van Abraham tiendes geneem en die besitter van die beloftes geseën.

Die wet van Aäron sê hulle moet tiendes ontvang, maar Melgisédek het tiendes geneem. So, hier is Abraham en uit hom kom Levi wat sy kleinseun is, en uit Levi kom die priesters, en die priesters ontvang tiendes van die volk – maar hier gaan Abraham en hy betaal 'n tiende aan Melgisédek.

Hebreërs 7:7 Nou word sonder enige teëspraak die mindere deur die meerdere geseën.
Hebreërs 7:8 En hier neem wel sterflike mense tiendes, maar dáár een van wie getuig word dat hy lewe.

Dit beteken Melgisédek is hoër as Aäron.

Hebreërs 7:9 En, om so te sê, het ook Levi wat tiendes *(behoort te)* ontvang, *(in hierdie situasie)* deur Abraham tiendes gegee *(aan Melgisédek)*;
Hebreërs 7:10 want hy was nog in die lendene van sy vader toe Melgisédek hom tegemoetgegaan het.

So, wat staan hier? Die orde van Melgisédek is hoër as die orde van Aäron. Daar is twee ordes, Yahshua is Hoëpriester volgens die orde van Melgisédek. Melgisédek was amper vyf-honderd jaar vóór Moses en die Leviete en hulle betaal 'n tiende aan Melgisédek. Die Leviete is priesters van 'n sekere orde en Yahshua is Hoëpriester van 'n ander orde. Hier is 'n menslike voorbeeld: dit is soos die orde van die skool en die orde van die polisiediens; watter een is die belangrike een? Die polisiediens. Wat ons moet sien is, dit is twee aparte ordes met twee aparte priester-ordes; Yahshua is Priester volgens die orde van Melgisédek en nie volgens die orde van Aäron nie. Melgisédek en Aäron het elkeen sy eie orde, sy eie wet en sy eie hoëpriester. Stop daarby en bedink dit: Melgisédek en Aäron is twee verskillende persone, hulle het elkeen sy eie orde, sy eie bediening, sy eie wet en sy eie hoëpriester. Yahshua was nié hoëpriester volgens die orde en die wet van Aäron nie, dit is onwettig – Hy mag nie, maar vir Melgisédek was Hy Hoëpriester en daarom staan Hy nie veroordeel volgens die wet van Moses nie. Ons het nie 'n keuse om te besluit waar Hy moet wees nie. Met die een is Hy onwettig en met die ander een is Hy nie.

As Yahshua onwettig Hoëpriester is, dan doen Hy sonde. As Hy sonde gedoen het kan Hy nie vir my sondes sterf nie, want dan het Hy self verlossing nodig. Omdat Hy onder die orde van Melgisédek is, is die wet van Moses nie oor Hom nie. Die wet van Moses veroordeel Hom nie omdat hy Hoëpriester is nie, want Hy is nie Hoëpriester volgens die orde van Aäron nie.

Hebreërs 7:12 Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet;

Nou waar het dit gebeur? Die priesterskap het verander van Kajafas na Yahshua. Die hoëpriesterskap het verander van Kajafas onder die orde van Aäron na Yahshua onder die orde van Melgisédek. Kajafas was die laaste wettige hoëpriester onder die orde van Aäron. Almal daarna wat hulself 'n hoëpriester verklaar het, is besig met hul eie speletjie, dit het geen belang nie – dit is so goed ek sê ek is die president van Arabië, net ek gaan dit glo, niemand anders gaan hulle daaraan steur nie. Iemand wat nou sê hy is hoëpriester volgens die orde van Aäron terg homself, daar is nie so iets nie. Daar is 'n nuwe priesterorde met 'n nuwe Hoëpriester. Wat staan hier in vers 12 van Hebreërs 7?: *Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet;*

Aäron het 'n wet gehad waarvolgens hy orde moes handhaaf, en dit was die wet van Moses. Nou kom Yahshua as Hoëpriester onder die orde van Melgisédek met 'n nuwe wet – en hier gaan ons alarmpies af: wat bedoel hulle die "núwe" wet? *Want met verandering van die priesterskap kom daar* ***noodsaaklik*** *ook verandering van wet* – jy kan nie die skool se wet toepas in die hospitaal nie. Jy kan nie Moses se wet toepas in die orde van Melgisédek nie. Melgisédek was meer as vier-honderd jaar voor Aäron al priester – volgens watter wet? Watter wet het Hy gebruik om orde te handhaaf? Ons bedink dit nie, maar dit staan daar – Yahshua kom en Hy is Hoëpriester volgens dieselfde wet as wat Melgisédek was, want Hy is in die orde van Melgisédek – en dit is nie die wet van Moses nie. Tog wil ons onder die wet van Moses wees. Ons soek die verlossing van die Hoëpriester volgens die orde van Melgisédek, maar ons wil die wet van Moses toepas – jy kan nie. Hoekom is dit dus noodsaaklik dat daar 'n ander wet moet wees as die wet van Moses volgens die orde van Aäron? As dit nie 'n ander wet as die wet van Moses is nie, sal die wet van Moses volgens die orde van Aäron Yahshua veroordeel as 'n onwettige Hoëpriester, omdat Hy nie uit die stam van Levi is nie. Ek het dit nou al baie gesê, maar besef ons dit? Yahshua sal 'n wetsverbreker wees, 'n sondaar as Hy Hoëpriester is volgens die wet van Moses, of die "herstelde" wet van Moses, of die "verbeterde" wet van Moses – dan is Yahshua nog steeds veroordeel en doen Hy sonde en kan Hy nie namens ons betaal vir ons sonde nie, want dan het Hy self 'n verlosser nodig. As die wet van Moses vandag nog geldig is, is Yahshua veroordeeld. Niemand sê dit nie, niemand bedink dit nie, want dit is 'n fiasko. Dit is 'n katastrofe.

Hoekom is dit nodig vir 'n nuwe priesterorde volgens die orde van Melgisédek en kan ons nie nog onder die orde van Aäron wees nie? Hoekom moes Melgisédek nou ingekom het as Hoëpriester met Sý orde en is ons nie nog onder Aäron se orde nie?

Hebreërs 7:20 En vir sover dit nie sonder eedswering was nie—want húlle het sonder eedswering priesters geword *(dit is die proesters onder die orde van Aäron)*,
Hebreërs 7:21 maar Hy *(Yahshua)* met eedswering deur die Een *(Yahweh)* wat aan Hom *(Yahshua)* gesê het: Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U *(Yahshua)* is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek—
Hebreërs 7:22 in sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword.

Daar is twee verbonde: dit is die ou verbond en die nuwe verbond. Die ou verbond is dit Aäron wat orde gehandhaaf het volgens die wet van Moses. Nou is daar 'n beter verbond waarvan Yahshua borg geword het – Hy is die Hoëpriester volgens die orde van Melgisédek, met die wet van Melgisédek en nie die wet van Moses nie. Wat gebeur as ek die wet van Moses inbring? Onmiddellik maak die wet van Moses Yahshua veroordeeld, want Hy mag nie hoëpriester wees nie.

Hebreërs 7:23 En hulle het wel priesters geword in 'n groot aantal *(dit is die priesters volgens die orde van Aäron)*, omdat hulle deur die dood verhinder is om aan te bly;
Hebreërs 7:24 maar Hy *(Yahshua)*, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie.
Yahshua se seun het nie in Sy plek priester geword nie, want Yahshua leef.

Hebreërs 7:25 Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

Goed, hier is twee weë, hier is twee verbonde en hier is twee ordes. Die orde van Aäron kan jou nie red nie. Die orde van Melgisédek kan jou red. Daar is 'n vurk in die pad: ons moet links gaan of ons moet regs gaan. Weer vers 25: *Daarom kan Yahshua ook **volkome** red die wat **deur Hom** tot God gaan omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.* Die vraag was: hoekom is dit nodig vir 'n nuwe priesterorde volgens Melgisédek en kan ons nie nog onder die orde van Aäron wees nie? Yhashua kan nie kom volgens die orde van Aäron nie, dit is onwettig, maar Hy moet kom om **ons siele te red**, want Aäron se orde **kan dit nie doen nie**. Daarom kom Hy in 'n ander orde, Hy kom in die orde van Melgisédek.

Hebreërs 7:26 Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het;

Hy het nie die wet oortree nie, want Hy is nie onder die wet nie. Ons sukkel om dit te begryp. Ons het in ons land die ontugwet gehad, die apartheidswet. Dit is afgeskaf. Rasse mag nie gemeng het nie. 'n Blanke man mag nie met 'n swart vrou getrou het nie – dit was 'n wet, maar dit was 'n Suid-Afrikaanse wet om orde in Suid-Afrika te handhaaf, dit het nie in Amerika gegeld nie. As 'n blanke man in Amerika met 'n swart vrou getrou het, het hierdie Suid-Afrikaanse wet hom nie veroordeel nie, want dit het nie daar gegeld nie. Albei het wette – die Amerikaanse wet sê jy kan, en die Suid-Afrikaanse wet het gesê jy kan nie. Die Suid-Afrikaanse wet kan nie die Amerikaner vergeld nie, want die Amerikaners staan nie onder die Suid-Afrikaanse wet nie, hy staan onder 'n ander orde, hy staan onder die orde van Amerika. Hier is twee ordes, dit is die orde van Aäron en die orde van Melgisédek. Yahshua is onder die orde van Melgisédek. Ons kies en ons meng dit, ons sê: *nee, ons soek die orde van Melgisédek, maar met die wet van Moses - ek wil in Amerika bly, maar ek soek die wet van Suid-Afrika.* Jy kan nie.

Nou, as jy kies om onder die wet van Moses te wees, dan is jy onder die orde van Aäron en dan is jy onder die verlossing wat daar is in die orde van Aäron – en in die orde van Aäron, is geen verlossing nie. As jy onder die verlossing van Yahshua wil wees, dan moet jy onder die orde van Melgisédek wees. Dit is nie asof ons kan kies *'n bietjie hier en 'n bietjie daar* nie. Yahshua kan nie onder die orde van Aäron wees nie, want dan is Hy nie onskuldig nie. Vers 26 sê: *Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas…* hoe ene? *Een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is.* As Hy onder die orde van Aäron is, is Hy nie onskuldig nie. As jy in die verlede met 'n swart vrou getroud was en jy kom Suid-Afrika toe, is jy onder die orde van Suid-Afrika en is jy skuldig – hulle het nie hiernatoe gekom nie, want dan was jy skuldig onder die wet van Suid-Afrika.

Hebreërs 7:27 wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.
Hebreërs 7:28 Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is.

Yahshua is sondeloos, daar is nie 'n wet wat Hom veroordeel nie. Nou, as die orde van Aäron ons nie kan red nie, maar die orde van Melgisédek kan wel, wat is die waarde van Aäron en sy meegaande wet vandag as die orde van Melgisédek sy eie wet het? Dit is ‘n praktiese vraag. Hoekom? Paulus praat ook van die mense wat onder die wet wíl wees, en dan verwys hy na die wet van Moses – daar is mense wat onder die wet wíl wees, en die wet is vir die mense belangrik. En wie van ons heg nie waarde aan die tien gebooie nie? Wat is die tien gebooie? Dit is die wet volgens die orde van Aäron. Baie groot woorde. Mense wat onder die wet wíl wees sal net daarteen skop en sê: *nee, ek aanvaar dit nie.* Dit maak nie saak wat ons aanvaar nie, dit gaan God nie verander nie.

Weereens my vraag: as die orde van Aäron ons nie kan red nie, maar die orde van Melgisédek kan wel, wat is die waarde van die orde van Aäron en sy meegaande wet vandag as die orde van Melgisédek sy eie wet het? Hebreërs 7:12 sê: *want met die verandering van priesterskap kom daar noodsaaklik ook* ***verandering van wet***. So, as ons nou gedink het die orde van Melgisédek gebruik die orde van Aäron se wet om orde te handhaaf, dan is ons verkeerd. Want met die verandering van priesterskap vanaf die orde van Aäron na die priesterskap van die orde van Melgisédek, kom daar noodsaaklik ook verandering van wet – dit is 'n ander wet. Dit is 'n ander wet as die tien gebooie – het jy dit al ooit in jou lewe gehoor? Die tien gebooie is nie die wet waar onder ons is nie. Dit is vreemd. Dit is vreemd vir enige oor – enige Christen sal vir jou sê *jy is nou besig met dwaasheid*, maar die tien gebooie is deel van die wet van Moses, van die orde van Aäron.

Hebreërs 8:1 Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dít: Ons het so ‘n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele,
Hebreërs 8:2 ‘n Bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie ‘n mens nie.
Hebreërs 8:3 Want elke hoëpriester word aangestel om gawes en offers te bring. Daarom moes Hy ook iets hê om te offer.
Hebreërs 8:4 Want as Hy op aarde was, sou Hy selfs geen priester wees nie, omdat daar priesters is wat volgens die wet die gawes offer,

Terwyl Yahshua op die aarde was, was Hy nie hoëpriester nie – Hy kon nie wees nie, want Hy sou onwettig gewees het.

Hebreërs 8:5 hulle wat ‘n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses ‘n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.

Wat het priesters in Aäron se tyd en dié daarna in die orde van Aäron, gedoen? Hulle het geoffer en allerhande dinge gedoen, wat wat was? Dit was 'n afbeeldsel en ‘n skaduwee van die hemelse dinge. Dit beteken in die hemel was daar werklike dinge wat bestaan het. Vader het dit vir Moses op die berg gewys en gesê kyk na dit en maak die tabernakel om presies so te lyk. Wat het hy gesien? Iets wat bestaan in die hemel. Nou doen die priesters sekere dinge op die aarde. Hulle bring offers en doen ander dinge wat net 'n afbeeldsel en 'n skaduwee is van dit wat in die hemel is.

Hebreërs 8:6 Maar nou het Hy ‘n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van ‘n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is *(dit is 'n beter verbond)*.
Hebreërs 8:7 Want as daardie eerste *(verbond)* een onberispelik was *(as hy nie foute gehad het nie)*, sou daar nie plek vir ‘n tweede gesoek word nie.

Wat was die eerste verbond se tekortkoming? Dit kon nie mense se siele red nie.

Hebreërs 8:8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond tot stand sal bring,
Hebreërs 8:9 nie volgens *(die verbond is nie 'n veranderde of verbeterde nie, dit is 'n ander tipe verbond)* die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here.
Hebreërs 8:10 Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees.

Goed, as Vader die wet van Moses in ons hart skryf, wat baie mense sê is wat gebeur, wat is die resultaat? Yahshua is veroordeeld. As die wet van Moses die wet van die nuwe verbond is, maar dit is nou net in my hart in plaas van op klippe gegraveer, is Yahshua veroordeeld – die wet maak Hom skuldig, daarom is dit 'n ander wet.

Hebreërs 8:11 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle.

Almal wat deel is van die nuwe verbond, met die wet in hulle hart, gaan God ken – en dit is in ons tyd. As jy die nuwe wet van die nuwe verbond van die nuwe orde met die nuwe Hoëpriester in jou hart het, ken jy God.

Hebreërs 8:12 Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.
Hebreërs 8:13 As Hy sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning.

Weer my vraag, ek gaan dit herhaal: as die orde van Aäron ons nie kan red nie, maar die orde van Melgisédek kan wel, wat is die waarde van die orde van 'n Aäron en sy meegaande wet vandag as die orde van Melgisédek sy eie wet het? En die antwoord is vers 13 wat sê: *As Yahweh sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste* (verbond) *oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning*.

Ek kyk na die Ou Verbond ek kyk na die orde van Aäron en ek kyk na die wet van Moses en ek sien hy is daar op die horison, daar is net so stoffie'tjie nog – dit is naby die verdwyning. Hoekom het dit nog nie verdwyn nie? Want die wet van Moses is nog steeds 'n getuie van die nuwe verbond. Dit beteken: ek gaan lees in die ou verbond dinge wat Yahshua vervul het, en dit getuig dat Yahshua werklik die Messias is wat sou kom, maar verder is daar nie waarde nie – ek kan nie leef volgens die orde van Aäron nie. Ek kan nie leef volgens die wet van Aäron nie, want ek is nie onder die orde van Aäron nie. Waarom kan ons ons nie nog onder die orde van 'n Aäron skaar en die wet van Moses hou nie? M.a.w, ek soek die verlossing in Yahshua, maar ek wil lewe onder die orde van Aäron? Yahshua is die Hoëpriester wat ons verlos volgens die orde van Melgisédek. Aäron se orde het ook priesters, maar hulle kan ons nie red nie. As ons onder die wet van Moses wíl wees, is ons onder die orde van Aäron en ons hoop tot verlossing is op die priesters wat volgens die orde van Aäron is. Net soos wat dit twee lande is, Amerika en Suid-Afrika met twee ordes, die orde van Suid-Afrika en die orde van Amerika, en die wet van Amerika en die wet van Suid-Afrika, is daar twee ordes, een volgens Aäron en een volgens Melgisédek, en ek kan kies waar ek wil wees.

As Yahshua Hom skaar by die orde van Aäron, is Hy skuldig – as Hy sê *ek is Hoëpriester volgens die orde van Aäron*, is Hy skuldig. As Yahshua sê *Ek is Hoëpriester volgens die orde van Melgisédek*, veroordeel Melgisédek Hom nie, dan is Hy onskuldig. Kan ons dit sien? Twee wette? Jy word veroordeel volgens twee verskillende wette, afhangend van waar jy is. As ek as mens my skaar by die orde van Aäron, dan word ek geoordeel volgens die wet van Aäron. As ek my skaar by die orde van Melgisédek, dan word ek geoordeel volgens die orde van Melgisédek. Nou wil ek wees by die verlossing in Melgisédek, maar ek wil die wet van Aäron hou – jy kan dit nie doen nie. Jy kan nie in Amerika bly en vir die Amerikaners sê: *luister, ek lewe volgens die wet van Suid-Afrika* nie – hulle gaan jou terugstuur Suid-Afrika toe. En hier is dit presies dieselfde: as jy onder die orde van Melgisédek wil leef en jy skaar jou by die orde van Aäron se wet, gaan jy beland onder die orde van Aäron en jy gaan geoordeel word volgens die wet van Aäron. As ons onder die wet van Moses wil wees, is ons onder die orde van Aäron en ons hoop tot verlossing is op die priesters volgens die orde van Aäron. Die doel van die orde van Aäron was net om ons tydelik onder bewaring te hou, totdat die volmaakte orde van Melgisédek gekom het. Dit is twee ordes.

Galàsiërs 3:22 Maar die Skrif het alles ingesluit onder die sonde, sodat die belofte uit die geloof in Jesus Christus aan die gelowiges gegee kon word.
Galàsiërs 3:23 Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word.
Galàsiërs 3:24 Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.
Galàsiërs 3:25 Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.

Die orde van Aäron is die tugmeester na die orde van Melgisédek toe. Die oomblik as die orde van Melgisédek gebeur (dit is Yahshua) is ons nie meer onder die tugmeester van Aäron nie – hy was tydelik, dit het ons onder bewaring gehou, maar dit doen nie meer nie. Ons is nié meer onder die tugmeester nie. As ons wil leef volgens die wet van Moses onder die orde van Aäron, is ons verplig om die hele wet te hou en nie net die wette wat ons kies nie, want as ons in een wet struikel is ons skuldig aan die hele wet – ons het geen genade nie, want die wet het geen genade nie. Die wet straf altyd alle wets-oortredinge met die dood. En kan ek dit maar in rooi skryf: vir Yahshua ook – as Hy onder die wet van Aäron Hoëpriester wil wees, sal die wet Hom veroordeel, en wat gaan dan met Hom gebeur? Hy gaan hel toe en Hy kan nie daar uit nie. Dit laat ons ore suis. Ons kan dit nie dink nie, maar vir Hom om as mens op die aarde te kom lewe, het Hy Hom onderwerp aan dieselfde wette waaraan ons onderwerp is, en as óns die wet oortree, is ons skuldig, en as Hý die wet oortree, is Hy skuldig. Ons word veroordeel as ons een wet breek, en Hy ook. Daarom kan Hy nie hoëpriester wees volgens die orde van Aäron nie, Hy sal hel toe gaan, maar Hy is nie volgens Aäron nie.

Yahshua het die wet vervul en nie ontbind nie. Dit is geweldige gewilde woorde vir die wat onder die wet wil wees.

Mat 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

Wat is die implikasie? Die wet bestaan nou nog. Watter wet? Die hele wet! Yahshua het nie gekom om enige van die wette te ontbind nie, maar te vervul – dit is wat daar staan. Dit vat dit nie weg as Hy dit vervul het nie. Ons bedink dit nie – dit vat nie die offerwette weg omdat Hy dit vervul het nie, want Hy sê *Ek het nie die wet kom ontbind nie*. Dit beteken die offerwette bestaan nog – al die wette bestaan nog, want geen jota of titel van die wet sal verby gaan nie. Dit gaan nie verby gaan nie, en dit veroordeel ons. Wie van ons het al vandag ons offers gebring? Ons staan veroordeeld, tensy jy nie onder die orde van Aäron is nie. Wanneer ons in Yahshua sterf, is ons dood vir die wet en die wet is dood vir ons. Dit is die enigste manier om onder die oordeel van die wet uit te kom, omdat ons nie die wet kán hou nie. Die wet bestaan nog steeds, Yahshua het dit nie kom ontbind nie, en die wet veroordeel jou as jy hom nie hou nie. So, wat moet nou gebeur? Ek moet onder die wet uitkom, anders veroordeel hy my. Omdat die wet nie ontbind is nie, veroordeel die wet nog steeds almal wat onder die orde van Aäron en die wet van Moses is en nie vrygekom het van die veroordeling van die wet deur in Yahshua te sterf nie. Dit is die geheim.

Die wet is daar, hy veroordeel ons. Yahshua is nie veroordeel onder die wet van Aäron nie, want Hy is nie onder die wet van Aäron nie, Hy is onder die wet van Melgisédek. Ons word gebore onder die wet van Aäron. Kan ons onder die wet van Aäron uitkom en onder die wet van Melgisédek kom?, want as ons dit nie kan doen nie, is ons veroordeeld. Nou is ons gered in Yahshua volgens die orde van Melgisédek. Gebeur dit met ons almal? Nee, daar moet met óns iets gebeur voordat óns onder die veroordeling van die wet uitgaan na die regverdigmaking onder Yahshua en die genade wat daar in die orde van Melgisédek is. Elkeen van hierdie sinne is 'n geweldige groot begrip op sy eie. Dit is 'n boodskap op sy eie. Dit is baie belangrik dat ons dit moet oordink en bedink en gaan soek in die Skrif. Die wet van Moses gaan jou veroordeel, jy skuldig, dit is wat maak dat ons veroordeeld staan. En die wet het nie opgehou nie, hy is nog steeds daar. Ek moet onder die wet uitkom. Yahshua is onder die wet uit, want Hy ís Hoëpriester, maar die wet veroordeel hom nie; hoekom? Want Hy is nie onder die wet nie. Solank as wat ons onder die wet is, staan ons veroordeeld – ons moet onder die wet uitkom.

Slegs deur te sterf en weer gebore te word kan ons onder die oordeel van die wet uitkom. Daar is mense wat onder die wet wíl wees – die wet veroordeel jou. Al wat jy by die wet gaan kry, is die vonnis tot die hel. Hy gaan jou net skuldig bevind. Hy gaan jou nie regverdig verklaar nie. Die wet gaan nie sê: *mooi, jy het 3% van my gedoen, jy is geregverdig nie.* Hy gaan sê: *jy is veroordeeld, want jy het nie 100% gedoen wat ek vereis nie.* Slegs deur in Yahshua te sterf en weer 'n keer gebore te word, kan ons onder die oordeel van die wet uitkom. Ons word gebore in hierdie wêreld onder die veroordeling van die wet. Die enigste manier om weg te kom van dit af, is om te sterf en weer gebore te word en dit is wedergeboorte – dan word ek gebore onder 'n ander orde. Ons sterf onder die orde van Aäron en word dan weer gebore onder die orde van Melgisédek; moet dan net nie weer terughardloop na die orde van Aäron nie.

Romeine 6:3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?
Romeine 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe *(Jy word net begrawe as jy dood is. Hoe kom ek onder die wet uit? Ek moet sterf.)* deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.
Romeine 6:5 Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;
Romeine 6:6 aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.
Romeine 6:7 Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde.

Kan ek maar daar sê: *slégs* hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde. So, hoe word ek geregverdig van my sonde? Wat is sonde? Ek het die wet oortree, die wet veroordeel my. Nou wil ek regverdig word; ek moet sterf, maar ek moet weer opstaan, want anders bly ek in die dood. Die enigste manier om te sterf en weer te kan opstaan, is om in Yahshua te sterf en dan op te staan in 'n nuwe lewe – dit is wedergeboorte. En dan word ek gebore in 'n ander orde in Yahshua, want Hy is volgens die orde van Melgisédek – en ek word in Hom gebore onder die orde van Melgisédek, en waar is die wet van Moses nou? Weg van my af, ek gee nie om waar is hy nie, hy moet net nie oor my wees nie – ek is onder 'n ander wet, ek is onder die wet van Melgisédek. Die wet van Melgisédek het genade, hy veroordeel my nie.

Galàsiërs 2:18 Want as ek weer opbou wat ek afgebreek het, dan betoon ek myself ‘n oortreder;
Galàsiërs 2:19 want deur die wet is ek vir die wet dood om vir God te lewe.

As die wet begin veroordeel (hy noem my naam en hy sê: *kom laat ek jou kan veroordeel*) dan vind hy my dood. In ons wêreld werk dit ook so. As jy lewe in hierdie wêreld en jy maak groot skuld, en jy skuld baie mense (jy het 'n groot maatskappy en dit is biljoene) en jy word aangekla deur die wet en jy moet hierdie mense terugbetaal en daar gaan jy dood (fisies dood, hulle begrawe jou) wat sê die wet van jou? *Ek kan die ou nie veroordeel nie, ek kan hom nie tronk toe stuur nie, hy is dood* – dit gebeur.

...*Want as ek weer opbou wat ek afgebreek het, dan betoon ek myself ‘n oortreder; want deur die wet is ek vir die wet dood om vir God te lewe* – so, die wet van Moses wil my veroordeel, maar ek is dood, ek het gesterf in Yahshua *om vir God te lewe...*

Galàsiërs 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my *(en daarom kan die wet my nie veroordeel nie, maar snaaks genoeg kry jy mense wat onder die wet wíl wees)*. En wat ek nou ***(nóú)*** in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.
Galàsiërs 2:21 Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe

Ek verwerp nie die genade wat daar vir my is deur Yahshua in God nie, want daar is nie regverdigmaking deur die wet nie – daarom gryp ek dit aan.

Romeine 7:1 Of weet julle nie, broeders want ek spreek met mense wat die wet ken dat die wet oor die mens heers so lank as hy lewe nie?

Dit is wat ons in Matthéüs 5 gelees het, Yahshua het nie gekom om die wet te ontbind nie, maar om dit te vervul. Hy het dit vervul, maar dit beteken nie ek is nou nie meer onder die wet nie; die wet bestaan nog, dit is nie weg nie. En die wet heers oor my solank as wat ek lewe, daarom moet ek sterf. As ek gesterf het, dan is ek geregverdig van die sonde, maar as ek fisies sterf sal ek in die dood bly, want ek is veroordeeld; maar, as ek in Yahshua sterf, sal Hy my opwek en ek sal weer 'n keer gebore word, dit is wedergeboorte.

Romeine 7:2 Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as die man sterwe, is sy ontslae van die wet van die man.
Romeine 7:3 Daarom dan, as sy ‘n ander man s’n word terwyl haar man lewe, sal sy ‘n egbreekster genoem word; maar as die man sterwe, is sy vry van die wet, sodat sy nie ‘n egbreekster is as sy ‘n ander man s’n word nie.

Paulus gebruik hier 'n voorbeeld, maar ongelukkig hardloop ons met hierdie voorbeelde asof dit is wat hy sê. Hy gebruik dit as ‘n voorbeeld – hy sê: *want dit is soos 'n getroude vrou wat aan die lewende man gebonde is, maar as die man sterwe is sy ontslae van die wet van die man.* Dit is *sóós* 'n getroude vrou. Ons is onder die wet sóós ‘n getroude vrou wat gebonde is aan haar man, maar as haar man sterf is sy vry van dié wet. As *ó*ns sterf is ons vry, van watter wet? Die wet wat ons veroordeel. En dan word ons weer gebore onder 'n ander wet wat ons nie veroordeel nie.

Romeine 7:4 So, my broeders, is julle dan ook ten opsigte van die wet dood deur die liggaam van Christus, om aan ‘n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is, sodat ons tot eer van God vrugte kan dra.

Dan is ek nie meer onder die orde van Aäron nie. Die orde van Aäron het nie opgehou vir almal nie, jy m*óé*t onder dit uitkom.

Romeine 7:5 Want toe ons in die vlees was, het die sondige hartstogte wat deur die wet kom, in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra.
Romeine 7:6 Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie.

...*Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was* – daar is mense wat onder die wet wíl wees. Jy moet agterkom die wet maak jou dood, jy wil ontslae wees van die wet. *Die wet is heilig en die wet is goed en die wet se tien gebooie is met die vinger van God op klippe geskryf, ek wil onder die wet wees* – dit gaan jou doodmaak, jy moet ontslae wees van die wet.

*...aangesien ons dit afgesterf het (Hoe het ek dit afgesterf? Ek het in Yahshua gesterf), sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees (nadat ek weer gebore geword het) en nie in die oudheid van die letter nie.*

Daar is Gees en daar is letter. Wat is letters? Ek kan dit lees, dit staan op klippe gegraveer, dit is die oudheid van die letter – *sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en **nie in die oudheid van die letter nie.*** Ek dien nie die wet nie. Wat beteken dien? Ek is gehoorsaam aan die wet. Nou is ek is nie meer gehoorsaam aan die wet nie. Beteken dit nou dat ek wetteloos kan lewe en doen net wat ek wil? Want dit is onmiddellik wat ons dink... Mag ek nou doodslaan, want ek is nie onder die wet nie? As ek in Suid-Afrika is en ek hou nie van die ontugwet nie, en ek sê ek wil nie onder julle wet wees nie – ek immigreer Amerika toe, kan ek nou daar doodslaan? Nee! Hoekom nie? Hulle het ook 'n wet, en daai wet sê jy mag nie doodslaan nie. Ek is nie in Amerika gehoorsaam aan "nie doodslaan" omdat Suid-Afrika se wet so sê nie, ek is gehoorsaam omdat Amerika se wet so sê – ek het niks met Suid-Afrika se wet te doen nie. As ek onder die orde van Melgisédek is, het ek niks te doen met die wet van Moses nie.

*...Maar nou is ek ontslae van die wet van Moses waardeur ek gebonde was, aangesien ek dit afgesterf het sodat ek dien in die nuwigheid van die nuwe verbond van Melgisédek en nie in die oudheid van die letter van die wet van Moses nie.*

Hoekom kan ek nie in die Nuwe Verbond onder die wet van Melgisédek, nie die doodslaan nie? Want Melgisédek verbied dit. Jy kan nie in die nuwe verbond van Yahshua onder die orde van Melgisédek doodslaan nie, want daar is 'n wet van Melgisédek wat sê: *jy moet jou naaste liefhê soos jouself* – jy kan hom nie doodslaan nie. Jy kan nie wetteloos wees nie. Ek vra weer: beteken dit nou ons kan wetteloos wees en dat ons kan doen wat ons wil? Nee, ons is nie sonder wet nie, maar onder die wet van die orde van Melgisédek en nie die wet volgens die wet van 'n Ääron nie. Met verandering van priesterskap kom daar verandering van wet, nie afskaffing van wet nie. Die wet van Äáron is met letters op klippe gegraveer en ink op papier, maar die wet van Yahshua is op ons harte gegee deur die Heilige Gees – dit is 'n ander wet, dit is nie dieselfde wet op 'n ander manier nie, dit is 'n ander orde, 'n ander priesterskap, 'n ander wet. Die mense onder die wet van Moses was gelei deur die wet op klippe gegraveer, en die mense onder die wet van Yahshua word gelei deur die Heilige Gees van God. Die mense onder die wet van Moses was gelei deur die wet op klippe gegraveer, en die priesters het dit afgedwing – hy het gesê: *op dié dag moet jy dit doen, want die wet van Moses sê dit* – en as jy dit nie gedoen het nie, het hulle jou doodgemaak. Jy was gelei deur die wet wat op klippe gegraveer was of met pen en ink op papier neergeskryf – dit is letter, jy kan dit lees. Die mense onder die wet van Yahshua word gelei deur die Gees van God. Nou vir die natuurlike mens maak die wet op klippe baie sin en is die wet op ons hart dwaasheid, daarom verwerp hulle die wet van die nuwe verbond, **maar daarmee saam verwerp hulle ook hulle eie verlossing.**

Ek gaan dit herhaal: jy kry twee mense, jy kry die natuurlike mens en jy kry die mens wat van bo gebore is, die geesmens. Natuurlike mens beteken jy is nooit wedergebore nie, jy leef in jou verstand en in jou logika. Nou kom die wet van Moses na jou toe en jy sê: *dit maak vir my sin – ek kan dit lees, ek kan dit verstaan, ek kan dit doen.* En met jou natuurlike mens-wese hoor jy die nuwe verbond wat sê *ek gaan die wet op jou hart skryf,* en jy kan dit nie verstaan nie, want jy is 'n natuurlike mens. Wat wil jy hê? *Skryf die wet wat op klippe gegraveer is op my hart, dan ek hoef nie op die klippe te gaan lees nie. Maar die wet wat nie op klippe gegraveer is nie, is vir my dwaasheid, ek verwerp dit.*

Dit is hoekom mense onder die wet wil wees, want hulle is nie uit die Gees gebore nie. Hulle word nie deur die Gees gelei nie. Hulle verstaan nie Gees leiding nie, hulle soek die wet op klippe – dit maak vir hulle sin. Daarom verwerp hulle die nuwe verbond, **maar daarmee saam verwerp hulle ook hulle eie verlossing.**

Galàsiërs 5:14 Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Dit sê nie die volheid van die nuwe wet is jy moet jou naaste liefhê soos jouself nie, maar dit sê net dat die wet van Moses vervul was deur die liefde tot die naaste. Die wet van Yahshua bevat dus meer. Ons dink as ek net my naaste liefhet soos myself, dan doen ek alles wat Yahshua van my verwag, maar dit is nie wat dit sê nie – dit sê dat álles wat die wet van Moses gesê het, vervul word in *jy moet jou naaste liefhê soos jouself*.

Galàsiërs 5:15 Maar as julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie.
Galàsiërs 5:16 Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;
Galàsiërs 5:17 want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.

Die geheim is: *wandel deur die Gees, dan sal jy nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie.* Hy praat met mense onder die nuwe verbond, hy praat met mense onder die orde van Melgisédek en die wet van Yahshua. Jy kan nie doen wat jy wil nie. Jy kan nie losbandig wees nie. Hoekom nie? Want jy staan onder 'n wet. Waar is daai wet? Hoe weet ek wat daai wet sê? Vers 16 sê: *Wandel deur die Heilige Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; want die vlees begeer teen die Heilige Gees, en die Heilige Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar.* Die mense van die ou verbond het dieselfde vlees gehad wat slegte begeertes het. Die natuurlike begeerte van die vlees is die sonde.
Die wet van Moses, onder die orde van Aäron, het die vlees beperk deur die wet. Hy het gesê: *jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie,* want ek het my naaste se vrou begeer, want *sy is vir my mooi – en ek wil haar hê, en ek is sterker as hy. So, ek gaan hom doodslaan en sy vrou vat.* Dan kom die wet en sê: *jy mag nie, want as jy dit doen dan gaan die res van die volk jou doodmaak.* Nou sê ek vir my vlees: *oraait, jy kan haar nie kry nie* – ek begeer haar nie meer nie, want ek kan haar nie kry nie.

So, dit is die wet wat my beperk het. Dit was die doel van die wet. Nou is ek in die nuwe verbond en raai wat? My vlees begeer nog steeds my buurvrou, want sy is vir my mooi. Nou is ek is nie onder die wet van Moses nie, so beteken dit nou ek kan haar vat? Nee, vers 16: Maar ek sê: *Wandel deur die Gees, dan sal jy nooit die begeerlikheid van die vlees wat jou buurman se vrou begeer, volbring nie.* So, nou is dit nie die wet van Moses wat vir my sê *los haar uit nie*, dit is die Heilige Gees in my wat vir my sê *los haar uit*. Ek kyk vir haar, dan is daar 'n woelling binne-in my wat vir my sê: *nee, dit is jou buurman se vrou, los haar uit* – nie die wet van Moses nie, die Heilige Gees.

...*want die vlees begeer teen die Gees* – my vlees se begeerte is die teenoorgestelde van die Heilige Gees – *en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar.* Beteken dit nou dit is dieselfde wet? In sekere opsigte is dit dieselfde en in 'n ander opsigte is dit nie dieselfde nie. Dit is 'n ander wet: *jy mag nie doodslaan nie en jy mag nie doodslaan nie*, dieselfde; en *jy mag nie begeer nie en jy mag nie begeer nie*, dieselfde; en *jy moet kwaad met kwaad vergelde, maar jy mag nie kwaad met kwaad vergeld nie* – dit verskil. Ek hoef nie die wet van Moses te ken om te weet wat die wet van God is wat die Heilige Gees aan my openbaar nie. Die Heilige Gees is sterk genoeg om vir my te sê wat verkeerd is, sonder die wet van Moses. Ek hoop almal verstaan dit: ek weet ek mag nie my buurman se vrou begeer nie sonder dat die wet van Moses dit vir my sê, want die Heilige Gees sê dit binne my. Waar is die wet van God nou? In my hart, maar omdat ons nie die stem van die Gees hoor nie, gaan ons terug na Moses toe. Ons mag nie; die wet van Moses het nie genade nie.

Galàsiërs 5:18 Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet *(van Moses)* nie.

Wat gebeur as jy onder die wet van Moses is? Jy word veroordeeldeur die wet van Moses. As jy deur die Gees gelei word beteken dit *ek doen nie wat ek wil nie,* want die Gees oortuig my van sonde en sê vir my *doen dit nie,* maar as die wet van Moses dit doen, dan veroordeel die wet van Moses jou.

Galàsiërs 5:19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;
Galàsiërs 5:20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;
Nou kan jy sien wat is dieselfde in die wet van Moses en die wet van Yahshua volgens die nuwe verbond – hier is verskille. Owerspel: albei. Hoerery: albei. Onreinheid: albei... Toornigheid? Het Moses toornigheid verbied? Hy het nie. Verbied die Heilige Gees dit? Ja.

Galàsiërs 5:21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.
Galàsiërs 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.
Galàsiërs 5:23 Teen sulke dinge is die wet nie.

Nou wat wil ons nou doen? Ons soek weer 'n wet wat op klippe gegraveer is. Nou sien ek ons is in die Nuwe Verbond, en dan skryf ek neer: *owerspel: verbode. Hoerery: verbode. Onreinheid: verbode...* en wat doen ek nou? Ek vat weereens die werk van die Heilige Gees weg en ek gaan skryf dit op klippe en ek doen dit, want die klippe sê dit – ek maak weer vir my 'n wet. Die Heilige Gees moet my lei. Hierdie is nie al die oortredinge nie, daar is baie. Jy doen dinge teenoor 'n mens, jy gaan na 'n ou toe en jy kuier by hom en jy maak 'n flou grappie, spot met hom en jitte, jy voel baie sleg daaroor – wat gebeur? Die Heilige Gees sê vir jou: *dit wat jy gedoen het is nie reg nie.* Oormôre gaan jy na 'n ander vriend van jou en doen dieselfde ding, en daar gebeur niks nie. Hoekom? Want daar het nie 'n oortreding plaasgevind nie.

Dit is nou baie tegnies, maar die wet van die Heilige Gees is nie tegnies nie. Ons word gelei deur die Gees. Dit is 'n heel ander onderwerp, maar byvoorbeeld die eet van onrein voedsel of voedsel wat geoffer is aan die afgode: vir die een ou is dit sonde en vir die ander een nie. Hoe werk dit? Die Gees van God binne-in jou lei jou in alle waarheid. Die oomblik as jy gaan na die wet van Moses toe, is dit letters, daar is nie verskoning nie – dit is soos dit is. Ek sê nie dit maak vir ons verskoning om sonde te kan doen nie, maar dit is 'n ander wet, en dit is op ons hart geskryf – ons word gelei deur die Gees.

Die groot saak vir ons: as ek die wet van Moses oortree, is daar geen genade nie en ek staan veroordeeld en ek gaan verlore. As ek die wet van Yahshua oortree, wat in my hart geskryf is, het ek genade en ek word vergewe en nie veroordeel nie. Ons het dit nodig, ons almal het dit nodig, want ons sál oortree.

Dit is waaroor dit gaan: ons is onder 'n nuwe verbond en ons is onder 'n nuwe orde met 'n nuwe Hoëpriester, en Hy het Sy eie wet.

*Rom 11:33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!*
*Rom 11:34 Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?*
*Rom 11:35 Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?*
*Rom 11:36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*